Ned. Geref. Gemeente

Burgersdorp

Posbus 15 Tel/Faks: 051 - 6531743

Burgersdorp, 9744 e-pos: admin@ngkburg.co.za

Die Direkteur
Oos Kaap Sinode
Danie Mouton
Gqeberha

21 Februarie 2023

Geagte Ds Mouton

IS: FINANSIëLE ONDERSTEUNING – HERSTEL VAN KERKGEBOU

Ons bedank u graag vir u betrokkenheid by ons gemeente. Tydens die afgelope Sinodale Kommissie vergadering het u genoem dat u graag hulp sal verleen in soverre dit binne u mag is en ons as gemeente wil ons graag hierop beroep.

Ons wil ook graag met hierdie skrywe vertoë rig dat ander gemeentes daarop gewys word dat hulle moeite maak met hul versekering aangesien die onus van die versekerde bedrag by die gemeente/kerkraad lê. Vir ons gemeente is dit ‘n dure les. Dit was ‘n bittere stryd in terme van die versekering en die uiteinde daarvan is dat slegs ‘n persentasie van die herstel se onkoste uitbetaal word, met die gevolg dat ons met ‘n aansienlike tekort sit wat die herstel van die kerkgebou betref.

Ons as gemeente sal dit uiters hoog op prys stel indien u ons kan help om ons situasie wyer te kommunikeer, ook aan ander streek sinodes – enige hulp en/of ondersteuning wat gebied kan word is van onskatbare waarde. Ons is tans ook in onderhandelinge met die kontrakteur om kostes soveel moontlik in te perk en, hoewel ons redelike besparings beding, vind ons steeds ‘n aansienlike finansiële tekort van +- R3 miljoen.

Ten spyte hiervan is die verhaal van NG Burgersdorp ‘n verhaal van God se voorsienigheid. Sedert Oktober 2020 is die kerkgebou ‘n gevaar en tans is dit ‘n konstruksie area. Die gevolg is dat die gemeente sedert Oktober 2020 tot nou toe in die saal eredienste hou. Dit het ‘n besliste invloed op bywoning. Nietemin is ons as gemeente se getuienis dat God ons vertroue op Hom nooit teleurstel, en derhalwe neem ons vrymoedigheid om ons medegelowiges te nader vir hulp.
‘n Hulpfondsrekening is gestig spesifiek vir die herstel van die kerkgebou en ons gee graag die besonderhede deur:

FNB

Ramp&Boufonds - NG Kerk Burgersdorp

Rekeningnr 63024501876

Takkode 210554

By voorbaat dank vir u bystand en hulp.

Seën en groete.

Namens die Kerkraad



PA du Plessis
Voorsitter: Kerkraad